12
KONINKRYKSTYD
Jaargang 24 | 21 Augustus 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER




NG Kerk
Vrystaat



# Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

*Lig in die duisternis,*
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Marnette van Rensburg
Nina Müller van Velden | Mariëtte Odendaal
Rethie van Niekerk | Charles James | *CLF*
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *ENGO* | *TOIBO*
*LiG-tydskrif* | *UCSA-VCSV* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 4 September** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal: Depressie - Leer om saam met donker te leef*

## ARTIKELS 05

05 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *Belydenisklas en teologiestudente bring Evangelie aan Moslems*

08 | ALGEMEEN | NG Gemeente Pearly Beach
**Marnette van Rensburg** | *'n Roepstem tot Gebed*: *'n Roepstem tot Gebed*

10 | ALGEMEEN | Vrouemaand
**Nina Müller van Velden** | *Wanneer "broers" nie almal beteken nie*

11 | ALGEMEEN | Bybelgenootskap van Suid-Afrika
**Mediavrystelling op 20 Augustus 2026** | *Bybelgenootskap van Suid-Afrika verwelkom Gerhard Pietersen as nuwe Uitvoerende Hoof*

## MEDIATEEK 13

**Kerkbode**
**Resensent: Rethie van Niekerk (9 Augustus 2026**)
*Cas Wepener pen 'n kosbare kleinood ... en nie net vir lesers verby die lewe se halfpadmerk*

## VERJAARSDAE 15

## EKOLOGIE 17

**Mariëtte Odendaal** | ***Dag van Ekologiese Skuld***: *"Wanneer ons verbruik groter word as ons dankbaarheid"*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | LiG-Tydskrif - *Jou storie kan hoop gee*
**20** | Advertensies

## OPLEIDING 21

## KERKBODE BROKKIES 24

## PUBLIKASIES 25

## WAT'S NUUS? 26

## KALENDER

## VAKATURES/AFLOSLYS

## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 27

**Charles James** | *Jy verstaan niks*

## KONTAK ONS 30



# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van 'n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

### Depressie: Leer om saam met donker te leef

*"Soms wens ek my depressie was sigbaar – soos 'n gebreekte been in gips of koors wat gemeet kan word. Dan sou mense dalk verstaan waarom my bed my party dae gevange hou." (Anoniem)*

Hierdie artikel bring Kroniese Kronieke se voortgaande navorsing oor kroniese siekwees in gesprek met die persoonlike ervaring van depressie. Die fokus val op selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone, en die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met geestesgesondheidsuitdagings leef.

**Jou reis met kroniese siekte is ons prioriteit**

Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskaplike kennis en persoonlike verhaal saam gebruik: die een bied begrensing en meetbaarheid, die ander gee menslikheid en erkenning.

***Dr Suzanne van der Merwe** (Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke) in samewerking met **'n navorsingsdeelgenoot wat anoniem bly.***

Die skryfgenoot wat hierdie woorde met Kroniese Kronieke deel, leef reeds jare met depressie.

**Lees** meer »

# TOWERS OF HOPE

## *COMES OF AGE!*



On **Wednesday, 2 September 2026,** we celebrate a remarkable milestone in the journey of **TOWERS OF HOPE** – our "coming of age" celebration!

What began in **October 2008** as a vision to serve the poor and marginalized in the heart of Bloemfontein has grown into a dynamic, internationally acclaimed organization, touching lives and bringing hope to our city and beyond.

**We warmly invite you to join us as we celebrate this journey, give thanks for what has been achieved, and look with excitement toward the future.**

> Come celebrate with us as we honour the journey, the people and the partnerships that have made it possible – and step with hope into the next chapter.
>
> *"The Best Is Yet to Come!"*

## *Annual* CELEBRATION

Wednesday,
2 September 2026 | 18:30

BON Hotel
Bloemfontein Central

An online link will also be provided for those unable to attend in person.

We will launch the *"new"* **TOWERS OF HOPE** with a new logo and some **exciting news!**

CELEBRATING OUR PAST. EMBRACING OUR FUTURE. *TRANSFORMING LIVES.*

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE







# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

Ons nuusberiggewing was vir 'n rukkie uit die normale ritme nadat die hele kantoor onder 'n verkouevirus deurgeloop het. Ons is dankbaar dat almal weer beter is en dat die Here ons deur hierdie tyd gedra het.

### Getuienis

Een van die groot voorregte van die werk by DEGNOS is om te sien hoe die Here mense se lewens deur opleiding en bediening verander.

Studente van Groep 1 vertel hoe die Leraars-opleiding hulle geestelike lewe verdiep en ook na hulle gesinne en gemeenskappe deurvloei. Veral die opleiding oor gebed en geestelike groei het 'n besondere invloed.

Een student, mev Dominga Chiwoko, wat met kanker worstel, se getuienis gryp ons aan: "My pyn is my roeping."

Bid asseblief vir Dominga.

Ons hoor ook hoe die Rentmeesterskapprogram lewens en gemeenskappe raak. Dit is 'n voorreg om te sien hoe gesinne verander, gemeenskappe groei en studente self geestelik verdiep. Prys saam met ons die Here vir sy werk en hou asseblief aan om vir ons studente en lektore te bid.

### Nuus in kort

- Student Mirriam Shotty het tydens die kursus in kraam gegaan en 'n pragtige babaseuntjie is gebore. Sy het geweet haar kraamtyd is naby, maar wou haar opleiding nie misloop nie!
- Kerkraadsvergaderings is op Tsumkwe, Mangetti Duin en Tsintsabis gehou.
- 'n Uitreikgroep van NG Kerk Outeniqualand is ontvang.
- Opleidingsgroep 1 het saam met ds Lucas hulle vyfde opleidingsblok voltooi.
- Die nuwe Kerkwinkel op Omatako vorder goed en die sonkragstelsel is reeds geïnstalleer.

**Lees** meer »

# ISLAM

## Belydenisklas en teologiestudente bring Evangelie aan Moslems

Volgens **LifeWay Research** is daar minder as 10% van Christene wat in 'n jaar se tyd hulle geloof met mense van ander geloofsgroepe deel. Wanneer dit by getuienis teenoor Moslems kom, val hierdie syfer na ver onder 5%. Tieners en studente wat met oorgawe die Evangelie aan Moslems verkondig, is daarom nie aan die orde van die dag nie.

Van 17-20 Julie 2026 het die derdejaar-Teologiestudente en die Belydenisklas van die NG Gemeente Fichardtpark 'n uitreik na Kwa-Zulu Natal onderneem. 'n Belydenisklas uit Gauteng, naamlik dié van die NG Gemeente Sesmylspruit, saam met ds Bernice Koekemoer, het ook daar by ons aangesluit.

Ons eerste stilhouplek was by die Sufi-moskee op Ladysmith (deesdae uMnambithi). Sufi's is ook Moslems wie se spiritualiteit verskil van hoofstroom Islam. 'n Skrywer vat Sufisme in kort saam as: *"Sufism may be best described as Islamic mysticism or asceticism, which through belief and practice helps Muslims attain nearness to Allah by way of direct personal experience of God."* [1]

Die moskee is 'n argitektoniese lus vir die oog en is ook 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die groep is gasvry ontvang en die toergids het die vier basiese beginsels van Sufisme aan die groep verduidelik, naamlik bekering, opregtheid, meditasie en liefde. Dit vorm die stadiums van die Sufi se transformerende reis. Dit beklemtoon ook die belangrikheid vir hulle om menslike beperkings te aanvaar, sowel as Allah se onbeperktheid.

[1] Tony Blair Institute For Global Change, What is Sufism? 1 Desember 2017

---

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel is 'n verslag oor die derdejaar- Teologiestudente en my Belydenisklas se uitreik onder Moslems.*

Saterdagoggend het ons twee Hindoe-tempels besoek. Die besoeke daar vereis 'n artikel op sy eie. Die politeïstiese aard van die godsdiens is opvallend (hoewel hulle dikwels noem dat daar net een god is). Ons het daar weer opnuut waardering gekry vir die feit dat ons, in teenstelling met ander, 'n God van genade aanbid en net deur die bloed van Christus gered word.

Ons het daarna die Hare Krishna-tempel besoek. Dit is 'n imposante gebou wat mens van ver af sien. Hare Krishna is 'n mistieke sekte van Hindoeïsme, hoewel ook 'n onafhanklike godsdiens. Die Hare Krishna-beweging dateer terug na die vyftiende eeu (1486), toe die stigter daarvan, Chaitanya Mahaprabhu, begin leer het dat Krishna die opperheer bo elke ander god was. Mahaprabhu het 'n toegewyde metode van geloof voorgestaan waarin aanhangers van Gaudiya Vaishnavism 'n verhouding met Krishna aangegaan het en hul aanbidding vir Krishna uitgespreek het deur dans en dreunsang. In 1965 het die Hare Krishna-beweging na Amerika gekom deur middel van Abhay Charan De Bhaktivedanta Swami Prabhupada. Die Hare Krishna-beweging het vinnig gegroei in die tyd van morele verval van die 1960's. Westerse waardes is bevraagteken en Oosterse denke het mode geword. Op dié manier het dit ook 'n vastrapplek in Suid-Afrika gevind.


Wat veral ontstellend was, was die feit dat ons daar 'n Afrikaanssprekende jong vrou ontmoet het wat tot onlangs nog 'n lidmaat van 'n gemeente van die NG Kerk in die Vrystaat was en deel van daardie gemeente se voorsanggroep was. Ons het daardie aand vir haar en haar ouers gebid.

**Lees** meer »



# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R8,380** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

2 Slaapkamers

1 Badkamer

1 Motorhuis

110 m²


**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Pearly Beach,
Sinode van Wes-Kaapland
*Ds Marnette van Rensburg*

# ’n Roepstem tot Gebed

## *Die toekoms van ons land is in Sy hande*

**Uit die stil kusdorp Pearly Beach het ’n dringende en hoopvolle behoefte ontstaan: ’n nasionale gebedsgeleentheid vir die toekoms van Suid-Afrika, gerig op die komende verkiesing op 4 November.**

Mense sê gereeld dat net God ons land kan red. Terwyl ons weet God is nie ’n towerstaffie wat ons bloot vir eie gewin kan swaai nie, weet ons ook dat Hyself ons aktief roep tot gebed. Die apostel Paulus leer ons immers in die Bybel: *“Maak alles deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.”*

### Die Belofte van Genesing

Wanneer ons as gelowiges saamstaan, staan ons op die kragtige belofte in **2 Kronieke 14:12-16**:

“Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir My gekies as ’n tempel vir offers. As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die koringkrieke opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek ’n pessiekte onder my volk loslaat, *en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees.* **My oë sal nou oop wees en my ore sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek.**


So het Ek dan nou hierdie tempel gekies en geheilig, sodat my Naam vir altyd daar sal wees. My oë en my hart sal altyd daar wees.”

### ’n Oproep aan Elke Christen

Hierdie is nie ’n uitnodiging vir slegs een kerk of groep nie. Ons wil graag hê dat **almal wat hulself Christene noem**, sal deelneem aan hierdie kragtige geleentheid.

- **Eenheid in Gees**: Dit hoef nie almal op dieselfde dag of plek te wees nie.
- **Wye Uitreik**: Die fokus is op deurlopende, opregte intersessies regoor die land.
- **Denominasionele samewerking**: Almal is welkom, ongeag jou kerkagtergrond.

**Lees** meer »



# GRAAD 8–12 KAMP

**26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026**

**MOOIGENOEG KAMPTERREIN BUITE BLOEMFONTEIN**

# MOOIGENOEG TIENERKAMP

## 26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026







Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstilletyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.

Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe.

Sluit die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

**KOSTE:**

**R999**

Ouers is verantwoordelik vir vervoer indien u gemeente nie vervoer voorsien.

**INSKRYWINGSVORM**

**KONTAK ONS VIR MEER INFO:**

Cecilna Grobler 084 583 2925

Tano Bongers 072 176 5092

Morné Bruwer 082 857 7779

Braam Smith 060 556 9765

Mooigenoeg 2.0 Tienerkamp

Dosent in Nuwe Testament (UV)
*Dr Nina Müller van Velden*

# Wanneer "broers" nie almal beteken nie

Vrouemaand het 'n manier om 'n mens bewus te maak van dinge waaraan jy die res van die jaar dalk te maklik gewoond raak.

In die vorige uitgawe het ons in hierdie ruimte nagedink oor **die tale wat ons praat** – oor die manier waarop woorde nie bloot beskryf wat rondom ons gebeur nie, maar ook iets verklap van hoe ons dink, wie ons raaksien en wie ons soms, sonder dat ons dit bedoel, miskyk – juis ook in die kerk.

Dalk is dit tyd om vanjaar doelbewus weer 'n bietjie te luister. Nie noodwendig na die groot uitsprake nie. Nie na beleidsdokumente, verklarings of besluite nie.

Sommer net na 'n gewone kerkraadsvergadering.

"Broers, kom ons begin."

"Broers, wat dink julle?"

"Broers, ons moet vandag 'n besluit neem."

En rondom die tafel sit daar dalk 'n vroue-predikant. 'n Paar vroue-ouderlinge. Diakens. 'n Skriba. 'n Voorsitter van 'n kommissie. Vroue wat geroep is. Vroue wat verkies is. Vroue wat verantwoordelikheid dra. Vroue wat saam onderskei, bid, dink en besluit.

Maar steeds: **"Broers …"**

Of dink vir 'n oomblik oor die "Broederkringe" – die ontmoeting van die ringsleraars toe daar nog net "broers" was. Ten spyte daarvan dat vrouekollegas intussen ook aangesluit het by die predikantekorps, is dit dikwels steeds die benaming …

Dit gebeur waarskynlik meestal sonder enige kwade bedoeling. Dit is 'n gewoonte. Kerklike taal wat oor dekades heen vasgelê is. Vir baie mense beteken "broers" in so 'n konteks eenvoudig: *almal hier teenwoordig*.

Maar taal het 'n geheue. "Broers" kom uit 'n tyd toe daar inderdaad meestal net broers rondom die tafel was. Toe die kansel, kerkraad, ring en sinode hoofsaaklik manlike ruimtes was. Toe vroue wel die gemeente se basaar gereël, kinders geleer, siekes besoek, kos gemaak, geld ingesamel, gebid en gedien het – maar nie noodwendig saam aan die tafel gesit het waar besluite geneem is nie.

Die tafel het egter intussen verander. Die taal soms nog nie.

## Meer as 'n stoel rondom die tafel

Die NG Kerk het 'n belangrike pad gestap. Vroue kan reeds sedert 1990 as predikante dien. Die eerste vroue-predikant is in die Vrystaat bevestig: dr. Gretha Heymans, in die studentegemeente van die Universiteit van die Vrystaat. Vroue dien as ouderlinge en diakens, teoloë, dosente, navorsers, gemeenteleiers en in talle ander verantwoordelikhede binne die kerk. Daarvoor behoort ons dankbaar te wees. Dit is rede tot viering in 'n wêreld waar vroue in talle kerkverbande nie toegelaat word om hierdie manier aan hul roeping uiting te gee nie – ja, ook in die geledere van ons susterskerke.

**Lees** meer »



***Foto's:*** *Canva*

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

# Bybelgenootskap van Suid-Afrika verwelkom Gerhard Pietersen as nuwe Uitvoerende Hoof

***Mediavrystelling**: 20 Augustus 2026*

***Foto**: Verskaf*




Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA)** is verheug om ds Gerhard Pietersen as sy nuwe Uitvoerende Hoof te verwelkom. Gerhard het op 1 Augustus 2026 amptelik die amp aanvaar en bring saam met hom meer as drie dekades se ervaring in die bediening, leierskap en interkulturele sendingwerk.

Hierdie rol is vir Gerhard die voortsetting van 'n roeping wat hy in sy kinderjare beleef het.

"Ek kan my reis terugspoor na 'n Bybel wat my oupa vir my gegee het," onthou hy. "As 'n jong seun het ek op my eie oor Jesus begin lees. My ma het saam met my langs my bed gekniel en my gehelp om die hoop van die opstanding te verstaan. As ek terugkyk, glo ek dit was die begin van God se roeping op my lewe – om mense te help om Christus te leer ken deur sy Woord."

As 'n geordende Nederduitse Gereformeerde predikant het Gerhard gemeentes in Namibië, Kaapstad en die breë Wes-Kaap bedien voordat hy vir die laaste dekade as Uitvoerende Hoof van Africa Inland Mission South Africa gedien het. Sy bediening het hom na verskeie dele van Afrika geneem, waar hy saam met kerke, sendelinge en gemeenskappe gewerk het – van Kenia en Madagaskar tot in Noord-Afrika.

Hierdie ervaringe het hom net verder oortuig dat toegang tot die Bybel, in mense se eie taal, die krag het om lewens en gemeenskappe te transformeer.

"Een van die grootste voorregte van my bediening was om Bybelvertaling eerstehands te aanskou," vertel Gerhard. "Wanneer mense die Woord van God in hulle eie taal ontvang, gebeur iets merkwaardig. Geloof word geanker, gemeenskappe word versterk en mense ontmoet God op 'n diep en persoonlike manier."

Bybelvertaling bly die kern van die BSA se missie en visie. Die organisasie is tans besig met verskeie Bybelvertalingsprojekte in Khelovedu, TjiHlanganu, !Xuhn en Khwedam. Hierdie projekte help om die geskrewe formaat van sommige van hierdie tale te ontwikkel, terwyl dit ook die Bybel vir inheemse taalgemeenskappe toeganklik maak. Benewens vertaling ondersteun die organisasie ook Bybelbetrokkenheid, geletterdheidsprogramme en die verspreiding van bekostigbare Bybels in 11 van Suid-Afrika se amptelike tale, asook in ander tale.

Gerhard glo hierdie bediening is nou meer relevant as ooit tevore.

**Lees** hier »

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur
MARTIN SCHWELLA




Kyk uit vir die

## NUWE REEKS 3

NG Kerk Vrystaat
SCHINK PUBLISHING
JONK

# KOM, LEES

## Cas Wepener pen 'n kosbare kleinood ... en nie net vir lesers verby die lewe se halfpadmerk

***Resensent: Rethie van Niekerk** | 9 Augustus 2026*

### *Halfpad deur die lewe: Wysheid vir wanneer die lewe jou stilmaak*

**Deur Cas Wepener**

*(Uitgewer: Bybelkor, 2026)*


Moenie dat hierdie skat ongemerk by jou verbyglip nie! In hierdie boek lê diep wysheid aan die hand van die boek Prediker opgesluit, verpak vir maklike gebruik deur kleingroepe, vir stiltetyd of as reekse in gemeentes.

Wepener se manier van omgaan met woorde skilder 'n aangrypende verstaan van die lewe. Gekombineer met etse deur Wessel van Dyk gee Halfpad deur die lewe vir die leser genoeg woorde om te lees, hulpmiddels om te oordink, besondere insig in die boek Prediker en 'n diepe verstaan van die skoonheid van 'n vlietende lewe.

Volgens Wepener is die wysheid van die Prediker op heelwording gemik. Hy beskryf hierdie "heel-wording" met die woorde van Ronald Grimes: "To be healed, is to be reconnected."

Saam met die Prediker, tussen dooie vismotte, paradokse en heilige modder, begelei Wepener sy leser om – stadig ("hang aan 'n tak"), prakties, Bybels, beeldskoon – deur vyf herverbintenisse te gaan: ek en God; ek en ek; ek en dinge; ek en ons; ek en jy.

Of jy nou Halfpad deur die lewe is of nog nie – hierdie boek is 'n kosbare kleinood wat besondere wysheid ontgin.




*Oorgeneem uit kerkbode.christians.co.za*

**Bestel die boek (R160) aanlyn by Bybel-Media.**

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Kerk Driehoek in Vanderbijlpark.

Deur Rethie Van Niekerk
*Kerkbode*
*19 Augustus 2026 / Boeke*

kerkbode

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*


Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# NUUT op ons rakke


PRODUK-KATALOGUS




R350





R195





R195




R220




R195




R280

CLF RETAIL HANDEL

shop.clf.co.za 021 873 6964 order@clf.co.za

# VERJAARSDAE

# VEELS
## GELUK



ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

### AUG

- 24 — Dr Lyzette Hoffman, UNIVERSITASRIF & UV
- 24 — Ds Johnny van Zyl, HOBHOUSE
- 25 — Ds Rikus Hattingh, PELLISSIER
- 25 — Dr Nico Mostert, VENNOTE IN GETUIENIS
- 26 — Ds Zak Scholtz, WOODLAND HILLS GEMEENSKAPSKERK
- 31 — Mnr CP Prinsloo, MOOIGENOEG & BAREND WESSELS

### SEPT

- 01 — Ds Stoffel Hellmuth, ONZE RUST
- 03 — Ds Santel Malan, HEUWELKRUIN

– lekker verjaar –

NG Kerk
Vrystaat

# MOOIGENOEG

## KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

*Bloemfontein*







Ctrl + Click on the link to find us on the map:
https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8

## FACILITIES

- 154 bunk beds in total
- The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- There are two separate equipped kitchens.

**7 Self-Catering Chalets** – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

**The entire premises can accommodate up to 182 guests.**

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.

## PRICES for 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Accommodation without bedding** | **R135.00** | per night per person |
| **Day visitors (08:00-17:00)** | **R110.00** | per person per day |
| **Accommodation: Chalets** | | |
| 1 person | **R 330.00** | per unit per night |
| 2 persons | **R 600.00** | per unit per night |
| 3 persons | **R 880.00** | per unit per night |
| 4 persons | **R 1100.00** | per unit per night |
| **Kitchen** | **R 700.00** | per day |
| **Kitchen** | **R 1000.00** | per day (near hall for functions) |
| **Big hall** | **R 1200.00** | per day (when group sleeps over) |
| | **R 5500.00** | per day (functions) |
| **Olienhout + Kitchen** | **R 3300.00** | per day (functions) |
| **Caravan** | **R 160.00** | p/day per stand |











## INQUIRIES AND RESERVATIONS:

(051) 406 6700

EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Dag van Ekologiese Skuld

## *"Wanneer ons **verbruik** groter word as ons **dankbaarheid**"*

Ons leef in 'n kultuur van "meer is beter", maar as navolgers van Christus moet ons leef met die wete "genoeg is 'n seën". Elke klein daad van sorg – minder plastiek, minder mors, meer bewaring – word 'n daad van hoop.

Op 30 Julie is daar wêreldwyd gekyk na hoe ons as mensdom die ekologiese verbruik van die aarde se vermoë om te herstel, oorskry. In Engels staan dit bekend as ***Earth Overshoot Day*** **(Dag van Ekologiese Oorskryding)**.

As uitvloeisel daarvan word daar op **22 Augustus wêreldwyd** diep nagedink oor ons ekologiese skuld aan die aarde (***Ecological Debt Day***) — hoe die mensdom se jaarlikse verbruik van natuurlike hulpbronne die aarde se ekologiese vermoë oorskry om dit weer te herstel, met ander woorde: vanaf hierdie dag leef ons op "krediet" teenoor die skepping.

Dit is 'n ongemaklike waarheid, maar ook van kardinale belang om diep na te dink oor wat dit impliseer, want vir gelowiges is ekologie nooit net 'n wetenskaplike saak nie; dit is 'n geloofsdaad. Die manier waarop ons die aarde gebruik, demonstreer iets van die manier waarop ons God se gawes respekteer.

**Lees** meer »



# Hallo!

Kom ons maak 'n *verskil saam!*

UCSA VCSV
TRANSFORMING LIVES
VERANDER LEWENS

## Ek is *Nina-Mari Hamman,*

- ds Cobus Hamman (leraar van NG Gemeente Bainsvlei) se dogter.
- Ek studeer tans in **Potchefstroom.**
- Ek is die leidster van die VCSV se **Buffelsbaai Stranddiens** vir hierdie jaar.

**Ek is baie opgewonde om hierdie geleentheid aan te gryp!**

## OM STRANDDIENS MOONTLIK TE MAAK HET ONS BORGE NODIG.

### ONS PROGRAMME

| POPPEKAS | KOFFIEKROEG | SPORT | BYBELSTUDIE | SPELETJIES & AKTIWITEITE |
|---|---|---|---|---|
| Kreatief, pretvol en boeiend vir alle ouderdomme. | 'n Vriendelike ruimte vir goeie gesprekke. | Bou vriendskappe en geniet sport saam. | Groei in geloof deur God se Woord. | Vir almal om te geniet. |

Die VCSV stuur jaarliks spanne na vakansie-oorde regoor SA om die evangelie van Jesus Christus te bedien.

Ons span van ±14 vrywilligers lewer uitreikdiens in Buffelsbaai vanaf **12 Desember 2026 tot 2 Januarie 2027.**

Ons vra vir u ondersteuning met finansies, produkte of ander hulpbronne.

Sien aangeheg ons bankbesonderhede en lys van produkte / dienste wat ons benodig.

*Baie dankie vir u aandag en bydrae!*

**VIR MEER INLIGTING**

Kontak Dawn by dawn@vcsv.co.za of skakel Antoinetta Breytenbach by 082 773 7062.

**BANKBESONDERHEDE**

**NG Kandelaar Potchefstroom**
**ABSA**
**Rek nr : 9277804135**
**Verw (Ref) : Buffelsbaai + Donasie**
**Bewys van betaling :**
Christian.botha2005@gmail.com of ninamari05hamman@gmail.com

*Vriendelike groete*

**Christian Botha & Nina-Mari Hamman**
Spanleiers van die Buffelsbaai Vakansiedienstespan
Desember 2026 tot Januarie 2027

Christian.botha2005@gmail.com
ninamari05hamman@gmail.com
063 812 6349 | 060 971 1750

**U ONDERSTEUNING – FINANSIEEL, MET PRODUKTE OF HULPBRONNE –** *maak 'n verskil!*
**Kom saam met ons om die evangelie te leef en uit te dra.**

021 887 0212 | info@vcsv.co.za | 32 Ryneveld Str. Stellenbosch, Western Cape 7599

LiG tydskrif

# *Jou storie* KAN HOOP GEE.

Lig-tydskrif is op soek na **werklike stories** van mense wat onlangs deur trauma gegaan het – stories van **hoop** en **herstel**.



## WAT ONS SOEK:

- Stories van trauma wat **redelik onlangs** plaasgevind het.
- Dit kan iets **onverwags** of **ingrypends** wees wat jou lewe geraak het.
- Nie verhale uit jou kinderdae nie – dit moet **onlangse** gebeure wees.

> “ **Jou getuienis kan 'n ander mens se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.**

**BELANGRIK OM TE WEET:**

- Dit hoef nie 'n algemene ervaring soos kanker of 'n verlies deur die dood te wees nie.
- Ons fokus op unieke, persoonlike verhale van **herstel**, **hoop** en **geloof**.
- Jou getuienis kan iemand anders se hart aanraak en lig in hul donkerte bring.

**WIL JY JOU STORIE DEEL?**
Kontak asseblief **Deonette De Kock**
**082 553 4760** vir meer inligting.

Verhale wat **inspireer.**
Geloof wat **hoop gee.**


Borg
'n begin


Doen meer
MISSIO
www.missio.org.za
Digital Products
Jeugfokus Kategese+ | Jaar toegang | Gemeente | Gemeentelekening
Akkerpret/Kleuterpret-reeks
MISSIO


DIE BYBEL
2020-vertaling
R630
www.bybelmedia.org



Engo
LENTE
Genadefees
18:30 vir 19:00
11 September 2026
Plek: Geloofsentrum, Bloemfontein
Prys: R100 per persoon
Kunstenaars
ROSESTAD 100.6 FM


WELRIEDAL YOUTH CARE CENTRE
GOLF DAY
Together we drive change
FOR CHILDREN, FOR HOPE, FOR TOMORROW.
WATERHOLES R1500
R250 PER PERSON
DATE 19 SEPTEMBER 2026
VENUE BRAND MASHIE GOLF CLUB WELKOM
INCLUDED: ✓ HALFWAY HOUSE ✓ GREAT PRIZES
SHOTGUN START
MORNING: 07H30 FOR 08H00
AFTERNOON: 11H30 FOR 12H00
PRIZE GIVING: 17H30 FOR 18H00
WHAT TO EXPECT
✓ FUN COMPETITIONS
✓ R20 RAFFLE TICKETS FOR MYSTERY HAMPER
✓ LOTS OF LAUGHS & MEMORIES
2BALL SCRAMBLE DRIVE – EXPECT THE UNEXPECTED!


CRUISE
for a cause
MINIMUM R50 DONATION
WIN AN ALL-INCLUSIVE
MSC CRUISE
TO THE PORTUGUESE ISLANDS
11 – 14 DECEMBER 2026
MSC CRUISES
Engo
EVOLVE


Bybelmaand
UITVERKOPING
3-31 AUGUSTUS 2026
ENGELS KJV R196*
ENGELS GNT R171*
ENGELS ESV R136*
ENGELS NIV R324*
ENGELS GNT R263*
R249*
Kontak: sales@biblesociety.co.za


Bybelmaand
UITVERKOPING
3-31 AUGUSTUS 2026
AFRIKAANS
1933/1953-vertaling
volkleur hardeband
R209*
WAS R380
45% AFSLAG
AFRIKAANS
1933/1953-vertaling
swart hardeband
R178*
WAS R325
45% AFSLAG
Kontak: sales@biblesociety.co.za


ouditorium te huur
BYBELHUIS
BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**1 September**

VBO-, CPSC- & AFM PCD-punte

"Sewe beginsels wat 'n huwelik laat werk" met prof Wentzel Coetzer




**10 September**

2 VBO-punte

"Van liefdadigheid na geregtigheid", 'n inleidende gesprek aanlyn




**17 September**

10 VBO-punte

Vanuit Religie: Ons en die Ander – waarom ons geloof verskil




**20 Oktober**

2 VBO-punte

Begrip vir Generatiewe-Bediening met dr Hannes Janse van Rensburg




**20-25 Sept**

Stillepolis

Stillepolis Lente-retraite 2026 te Philippolis



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *"Oscar Romero"* met dr Lisel Joubert

# IN PAS
## *medereisigers*

NG Kerk Vrystaat

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

5 VBO-PUNTE







*Gasspreker*
## DR TOM SMITH
**Hoof van Excelsus**

Dr Tom Smith bring praktiese insigte en inspirasie om jou en jou gemeente met vreugde en doelgerig op pad te sit.

**BESPREEK JOU PLEK**
*voor*
**4 SEPTEMBER 2026**
**by dr Leon M Foot**
leon@ngkvs.co.za

| DATUM | TYD | PLEK | KOSTE |
| --- | --- | --- | --- |
| 16 WOENSDAG SEPTEMBER 2026 | 09:00 – 14:00 | Mooigenoeg Kampterrein | R100 per persoon (sluit 'n middagete in) |

**Bring asb 2-4 mense saam uit die gemeente** wat saam kan luister, saam opgewonde kan raak en saam begin stap!

Bedieningsbegeleiding dra self al die ander kostes, insluitend reiskoste.

*Huiswerk intussen:*
Ek heg die digitale weergawe van die boek **"IN PAS met die lewende God"** aan. Maak seker dat jy en almal van jou gemeente wat saamkom, ten minste bladsy 3-38 behoorlik deurgelees het. Dit gaan baie help met die vertrekpunt die 16de.

**LET WEL:**
Moenie die boek sien as die antwoord op wat IN PAS is nie. Dis 'n raamwerk vir wat in die Praktyk moet gebeur – 16 September en wat daarna gebeur is so belangrik vir ons reis saam vorentoe.

*Kom ons stap saam. IN PAS. Vir die lewende God.*

# 20 VBO CPD punte
# 20 AFM PCD CPD punte
# 20 ACRP CPSC CPD punte

## Die praktyk van Narratiewe Pastorale Terapie:

'n Interaktiewe "model" wat pastorale berading prakties en standhoudend maak.

godcenteredcounsellingtraining.co.za



Handa Blake
OPLEIDING EN OUTEUR

• Praktiese beradingsvaardighede
• Pastorale sorg • Selfsorg
Interpersoonlike-en verhoudingsvaardighede
Vir predikante, pastore, teologie-, sielkunde-en maatskaplike werk studente, jeugwerkers, en groepfassiliteerders

## R2420 per persoon sluit in

4 dae (36 uur) interaktiewe kleingroep opleiding
**GADC Werkboek** (volkleur - 399 bladsye),
**GADC Handboek** (volkleur - 366 bladsye),

**Dag 1: 6 Oktober**
**Dag 2: 7 Oktober**
**Dag 3: 15 Oktober**
**Dag 4: 16 Oktober**

**Opleiding in:** Westdene, Johannesburg
(of elders soos vooraf ooreengekom)
Reël alternatiewe kursusse en lokale
vir groepe van 6 of meer.
**Opleiding en outeur:** Handa Blake
**Meer inligting:** hbgadc@gmail.com,

GADC

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Deon Els, kopdokter vir rugbyspanne, dominee en vredemaker

*19 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Jaco Strydom*



Uit my Kerkdagboek:

Jan Lubbe: Op die vooraand van PredikanteSAAMkoms, 'n Gebed vir Goudini

*18 Augustus 2026*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*



Regstreeks:
In aanloop tot PredikanteSAAMkoms 24-28 Augustus

*18 Augustus 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*



Reeks oor roepingsverhale | Annelize Botes: Tree vir tree in ritme met God se roeping

*14 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Annelize Botes*



Elders gesien | Hugenote Kollege bied aanlyn inligtingsessie (3 en 17 Sept) vir voornemende Bedienaars in die NG Kerk

*11 Augustus 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*



Omgewing:
Toe word ons gróót doelwit vir plastiekvry-leef 'n uitdagende avontuur


*11 Augustus 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Fay van Eeden*

Google Play  kerkbode.christians.co.za  App Store

Bybel-Media

Oorgeneem uit bybelmedia.org.za


## Leef ligter




**R140**

Vir vroue.
Ligter leef begin nie wanneer jou omstandighede verander nie. Dit begin wanneer God jou hart verander. Jy kan nie altyd kies wat met jou gebeur nie, maar jy kan kies hoe jy daarop reageer. Teleurstelling, verlies, siekte, angs en onsekerheid is deel van jou verhaal. God nooi jou om in hierdie moeilike seisoene van jou lewe na Hom toe te draai. Hy sal aan jou die krag gee om nie net staande te bly nie, maar waarlik te floreer. Elk van die sewe weke van *Leef ligter* fokus op 'n kosbare geloofsgeskenk van God wat jou dra wanneer jou krag opraak. Mag hierdie Bybelstudie jou bewus maak van God se nabyheid aan jou te midde van elke lewenservaring, en mag jy die vrede ervaar wat jou ligter laat leef.


## Die kuns van luister




**R140**

*Hierdie volkleur-joernaal met 32 kreatiewe kaarte en kleurvolle, lewendige illustrasies sal jou help om die kuns van dieper luister aan te leer.* Die kaarte sal jou help met gesprekke, ontdekking, refleksie en gebed. Die gesprekke wat die kaarte ontlok en jou persoonlike notas in die joernaal sal jou lei om stadiger te leef, dieper te luister en met vars oë na jouself, ander mense en God se werk in die wêreld te kyk. Sommige gesprekskaarte sal jou laat glimlag. Ander sal jou laat wonder. Party sal jou uitdaag. 'n Paar sal jou selfs verras. Maar altyd sal jy nuwe moontlikhede raaksien en betekenisvolle gesprekke voer.

## Moed om mens te wees




**R 95**

Ontdek die inspirerende reis van die Betanië-gesin – Marta, Maria en Lasarus – in die opwindende boek, *"Moed om mens te wees."* Hierdie 10 Bybelstudies neem jou mee op 'n pad van waagmoed en selfontdekking, terwyl jy leer om God se tydlose waarhede toe te pas op jou eie lewe. Deur die lewensverhale van hierdie ongewone gesin te verken, ontdek jy jou eie moed om mens te wees in die wêreld van vandag. Met praktiese riglyne en opwindende gespreksidees, bied hierdie boek 'n unieke geleentheid vir groei en gemeenskap. Kom deel in die rykdom van die ongewone gesin se ervaringe en vind jou eie moed om te floreer.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za

Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**AANSTELLING** | Die Ringskommissie van Bultfontein bevestig die aanstelling van **ds Marnico Wessels** by NG Gemeente Hertzogville. Haar diensaanvaarding is op Dinsdag 1 September 2026. **BENOEMING** | Die Taakspan Beroeping PSD Noord-Kaapland bevestig dat **ds De la Harpe le Roux** van Tweetoringkerk, Bloemfontein en PSD: Diens van Barmhartigheid, NG Kerk Vrystaat, op 28 Julie 2026 benoem is as PSD in Noord-Kaapland. **Ds Gideon Lamprecht**, leraar van die NG Gemeente Bethlehem-Panorama, is benoem as die nuwe PSD: Bedieningsbegeleiding van die NG Kerk Vrystaat. Hy volg vir dr Leon M Foot op wat emeriteer. Sy datum van diensaanvaarding is op Sondag 1 November 2026.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



***Foto:** Ds Charles James (verskaf)*

ALGEMEEN
Addisionele lid van die Moderamen
*Ds Charles James*

# Jy verstaan niks

William Temple (1881–1944), voormalige aartsbiskop van Canterbury, se bekende woorde oor die kerk se roeping behoort eintlik elke gemeente se kompas te wees:

*"The Church is the only society that exists for the benefit of those who are not its members."*

Die kerk is in haar wese na buite gerig. Ons bestaan nie bloot om ons eie lidmate te versorg en ons eie voortbestaan te verseker nie. Ons word deur God ter wille van die wêreld gestuur.

Jesus sê immers in Johannes 20:21: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Om gestuur te wees beteken onder andere om by die seer van die wêreld te gaan stilstaan. Om naby genoeg te kom om die nood te sien en die stories daaragter te hoor, sodat ons werklik Jesus se hande en voete kan wees in 'n wêreld wat smag na omgee en liefde.

Dit laat my dink aan 'n verhaal wat George, 'n gelowige vriend en lidmaat van die VGK in Heidedal, vertel het.

Hy ry een oggend omstreeks tienuur in die straat af en sien 'n netjies geklede vrou. Sy het werksklere aan. Haar hare is netjies. Sy lyk versorg. Maar in haar hand is 'n bottel bier.

Eers ry hy verby. Toe besef hy: Ek kan dit nie net ignoreer nie.

Hy draai om en stop by haar.

"Antie, is dit nie 'n bietjie vroeg vir 'n bier nie?"

"Ag boetie, jy verstaan niks," antwoord sy.

En skielik besef George: Sy is reg. Hy verstaan nie.

Maar juis daarom besluit hy om te luister.

**Lees** meer »

Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH
*60 jaar van genade*

### ‘N 7-WEEK-VADERSKAPKURSUS

# THE WORLD NEEDS A FATHER

*Vir pa’s, toekomstige pa’s en manlike rolmodelle*



## 7 DINSDAE

### 18:15–20:00

1 September - 20 Oktober 2026

## R50 PER PERSOON

*Handleiding ingesluit*

**BESPREEK BY DIE KERKKANTOOR**
**TEEN 28 AUGUSTUS 2026**

**081 828 9536**



# 26 Years Of Choral Brotherhood!

From our very first harmony to the powerful melodies we share today,
our 26-year journey has been fueled by a shared love for music and our community.
Looking back at where we started fills our hearts with pride,
but we're even more excited about where we're going.

***Want to be part of our next chapter and experience this incredible brotherhood firsthand?***

*We are searching for new voices to join our family.*



Reach out to us at
**076 277 4527**
to schedule your audition.



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement

*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*